NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 4 OKTOBER 2020

AGTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Ons Senior Burgers

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
EKSODUS 32:1-14, PSALM 106:1-6, 19-23
FILIPPENSE 4:1-9, MATTEUS 22:1-14

	SONDAG, 4 OKTOBER
	BIDDAG VIR BEJAARDES
09:00	Oggenddiens: ds Chris Barnardo Doop
	Geen Aanddiens
	MAANDAG, 5 OKTOBER
19:00	Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie
19:00	Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
	DINSDAG, 6 OKTOBER
09:30	Senior burger Bybelstudiegroep – byeenkoms in Kerk
	Kooroefening – Geen
18:00	Dinsdag Mannegroep – byeenkoms in Konsistorie
	WOENSDAG, 7 OKTOBER
09:30	Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie
	DONDERDAG, 8 OKTOBER
15:00	Openbaring Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie
Sopkombuis: Bertha de Kock - Othello	
	VRYDAG, 9 OKTOBER
09:30	Gebedsbyeenkoms in Konsistorie – almal welkom
	SATERDAG, 10 OKTOBER

SONDAG, 11 OKTOBER

NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens
Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek.
Protokolle sal gevolg word.

Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

HERVATTING VAN EREDIENSTE

In lyn met die regering se aankondiging dat die inperkingsmaatreëls na vlak 1 verlaag word, het De Eike se kerkraad besluit om vanaf Sondag 27 September die oggenddiens te hervat. Aanvanklik sal daar nie Kinder- en kleuterkerk wees nie, ook nie ‘n aanddiens nie. Die kategese sal dus ook nie plaasvind nie.

Die diens begin om 09:00

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas. Volgens die WKOD se webtuiste sluit die skole vir hierdie kwartaal eers op 23 Oktober en heropen weer op 2 November.

Die Nagmaal van 18 Oktober skuif na 25 Oktober agv die doop wat op 18 Oktober bedien word.

GEMEENTENUUS

1. Sonja Burrows, vrou van ons koster Tim Burrows, is in die hospitaal opgeneem.
2. Corla Gericke (Krisant Singel) ondergaan hierdie week ‘n groot operasie.
3. Erna Carstens (Swaan Singel) word hierdie week ge-opereer.
4. Franchelle Anthonissen (Sangirostraat) het ‘n operasie ondergaan.
5. Elize van As (Piet Fransmanstraat) het ‘n operasie ondergaan.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

04/10 Dane Laing, Natasha Smit
05/10 Suzette Steyn, Lorraine Louw, Piet Gründlingh, Tertius le Roux, Andren du Preez, Lenie Nell
06/10 Jerome Losper, Trevor Langridge, Rentia Kleinhans, Jeanette Smit, Juanita Geyer, Janke Smuts, Francien Johannes
07/10 Luandi Engelbrecht, Margaret Valentine, Ronelda Visser, Christie Myburgh, Fafa Kotze, Botha Vorster
08/10 Attie van Wyk, Flip Hugo, Juna van der Merwe, Dolan Goslett, Elna Bosman
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Pieter Albertyn, Mari Botma
10/10 Johan en Louise Bezuidenhout, William Robertson, Carlien van der Merwe, Sindie Nell, Anchün van Wyk, Mieke Carstens

TIENDE MAAND DANKOFFER

Ons jaarlikse Tiende Maand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag 25 Oktober 2020. Die koeverte is reeds na die blokleiers versprei vir verdere verspreiding na die lidmate. Indien jy nie ‘n koevert ontvang nie, is jy welkom om een by die kerkkantoor te kom haal. Bydraes kan ook per EFT of Snapscan gegee word. Gebruik verwysing 10de Dankoffer.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

DE EIKE SE "DROP & GO" – PROJEK

Die Drop & Go Projek gaan steeds voort met die insameling van kos vir die koskas waaruit kospakkies aan behoeftige gesinne verskaf word.

Gaan lees gerus in die Akker van 2 Oktober 2020 meer hieroor of kontak die kerkkantoor of Piet Rootman by 0823750259 om meer uit te vind.

AKSIE SAMARITAAN

AKSIE SAMARITAAN

WENSLYSIE...

- **Borge vir bestanddele van weeklikse pannekoek projek van volgende items:**
  - **10kg koekmeel**
  - **3 houers groot eiers (30 per houer)**
  - **2.5kg suiker**
  - **4 x 750ml kookolie**
- **Bakkers en strooiers om te help by pannekoek**
- **Elektriese grassnyer & randsnyer**
- **100 borge vir die haweloses se Desember vakansie kospakkies.**
  Koste R500 – Kontant / Lys van items beskikbaar

Kontak vir Jacomina by 0824533862 indien u behulpsaam kan wees met enige van die wense....
U vrygewige goedhartigheid word opreg waardeer.

PREEKSKETS – 4 OKTOBER 2020

TEMA: IS ONS HOORDERS OF DEELNEMERS?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Fokusteks: [12]"Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

Loflied : Lied 202:1

Doop. Lied terwyl babas ingebring word : Lied 553

Inleiding.

1. Die vyfde gebod is uiters belangrik en tydig want respek teenoor ouer mense en in die besonder ouers en plaasvervangende ouers en voogde is maar dun gesaai in vandag se lewe. Hierdie respek word in huisgesinne aangeleer. Hoe leer ons hierdie respek vir ons kinders aan? Ons leer dit deur die volgende aspekte aan ons kinders te modelleer:

2. Om jou ouers te **eer** beteken dat ons dankbaarheid aan hulle verskuldig is. Hulle geskenk aan ons is die geskenk van lewe.

3. Om jou ouers te **eer** beteken dat jy hulle respekteer. Respek sluit gehoorsaamheid, eerbied en hoflikheid in.

4. Om jou ouers te **eer** beteken dat ons aan hulle ondersteuning sal gee – emosioneel sowel as finansieel. (Lees gerus weer 1 Tim 5:3)

5. Om jou ouers te **eer** beteken dat ons aandag aan hulle sal gee. Dit beteken verdraagsaamheid en om na hulle te luister. Die grootste vereiste hier is tyd, iets waaraan altyd 'n tekort is.

6. Slot. As jy gelukkig genoeg is om ouers te hê waarteen jy op jou lewenspad kon leun, wil ek vra, maak seker dat hulle ook iemand het om teen te leun. En dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. Maak seker dat wanneer julle ouers se aardse lewe eindig, dit onderskryf sal wees met julle eer en liefde. Wat kies jy vir jou kinders: Moet hulle hoorders of deelnemers wees?